
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

***DATUM:*** *2 Februarie 2025*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Kerklike Tydskrifte
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Dankbaarheidsfonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

## Diensbeurte

**Vandag:** Ow. 06/07, Ow. 09 & Ow. 11

**Volgende week:** Ow. 12, Ow. 14 & Ow. 16

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

*Die 1ste brief aan Timoteus*

## Vergaderings

**Vandag:** Breë-kerkraad
Sustersbestuur

**Vrydag:** Ouderlingwyksverslae deurgee

**Volgende Sondag:** Ouderling

## Huisbesoek

**Komende week:** Ell. 05

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

## Katkisasie

**Vandag:** Les 2

**Volgende week:** Les 3

**Woensdag:** 14:30 H/S Kategese
***(let asseblief op dat tyd verander het)***

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Wat God doen, is volmaak;
wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy. Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God, is 'n rots?

Psalm 18:31 en 32

## Lief & Leed...waarvan ons weet

- Baie sterkte aan Jan Minnaar (Ow. 09). Hy is opgeneem in Jacaranda Hospitaal en ondergaan DV vandag 'n operasie. Hy en familie word krag en sterkte en spoedige herstel toegebid.
- Clara Venter (0w. 09) het vir toetse in Pretoria gegaan. Sy word krag en sterkte toegebid.
- Ona Botha (Tafelkop) is opgeneem in MediClinic vir waarneming en toetse. Sy word krag en sterkte toegebid.

---

## Skinkbeurte

**Sondag 2 Februarie:**
**<u>Onverwacht 06/07</u>**
Nadia Breetzke, Cora Claassens, Elize Combrinck, Barbara Craill, Sampat Meiring, Chantelle Meiring & Christa Venter.

**<u>Onverwacht 09</u>**
Jo-anne du Plessis, Mickey du Plessis, Melanie Erasmus, Mifnon Kruger, Clara Venter, Barbara Venter & Leicha Venter.

**<u>Onverwacht 11</u>**
Hermiene du Toit, Wilma Potgieter, Rina Prinsloo, Retha Swanepoel, Susan van der Merwe, Johanda van der Merwe & Petro Vorster.

**Volgende week:**
**<u>Onverwacht 12</u>**
Vanessa du Plessis, Loraine van der Watt, Lisa van der Watt & Loulah van der Watt.

**<u>Onverwacht 14</u>**
Lanie du Plessis, Magdeld du Plessis, Rina Pelser, Marita Pelser, Martie Smit & Martie Venter.

**<u>Onverwacht 16</u>**
Lettie Erasmus, Elane Erasmus, Elize Helberg, Alta Jordaan, Tahlita janse van Rensburg, Petronel Pelser & Nelia Smith.

---

## Verjaarsdae... vir komende week

| | | |
|---|---|---|
| 3de | Thys Eloff | Tambotie |
| | Jan Minaar | Ow. 09 |
| 4de | Tiaan Pretorius | Weltevrede |
| 5de | Dpl Markus vd Merwe | Ow. 04 |
| 6de | Cora Claassens | Ow. 06/07 |
| 7de | Dpl CJ Benadie | Monico/Palala |
| | Frikkie Snyman | Wonderboomhoek |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

---

## Vanaf die Susterbestuur

### Wegneemetes

Die susters gaan weer maandeliks wegneemete's verkoop by die kerk. Die eerste verkoping vir 2025 sal 28 Februarie plaasvind. Hou die Skakel dop vir meer inligting, sal ook per Whatsapp die besonderhede uitstuur.

---

## Vanaf die Jeugkommissie

### Koffiekroeg

Vanaand na die aand erediens

---

# Preekvoorligting Sondag 2 Februarie 2025

## Aand erediens

**<u>Sing:</u>** Ps. 48:1,4; Ps. 32:1,2; Ps. 32:5,6

**<u>Lees:</u>** Rom. 5:12-21; Son 3

**<u>Teks:</u>** Rom. 5:19; Son 3

**<u>Tema:</u> Al is die mens goed geskape het ons so diep geval dat ons totaal verdorwe is**

***Die mens is goed geskape.***

Wanneer die mens onder die besef van sy eie ellende kom moet ons natuurlik ook verstaan waar ons ellende vandaan kom. In die Kategismus word dit duidelik gestel dat die mens nie sondig geskape is nie, maar dat hy volkome goed na die beeld van God geskape is. As profeet kon hy God reg ken, as priester kon hy God in gehoorsaamheid dien en as koning kon hy God ten volle in die ewige saligheid loof en prys. God het ook nie van die mens geëis wat hy nie kon doen nie. Om hierdie rede is die ellende van die mens nie aan God te wyte nie, maar het ons dit self veroorsaak.

***Die mens het diep geval.***

Die volgende saak wat nou aan die orde kom is die vraag wat veroorsaak het dat die mens so diep in sy ellende geval het. Die mens is deur die val van Adam in die ellende gestort is. Die mensdom is in Adam verteenwoordig, daarom is ons ook vandag nog verteenwoordig in sy ongehoorsaamheid. Sy val het ‘n geweldige effek deurdat dit die hele skepping raak. Deur die ongehoorsaamheid van die een word baie eindelik tot sondaars gestel wat aan die regverdige oordeel van God onderworpe is.

***Die mens is totaal verdorwe.***

Die val van die mens in die ellende se gevolge is egter vêrreikend. Nou is die mens nie meer in staat om enigsins goed te doen nie. Sy doel hier in die skepping was om God te ken, te dien en te eer, maar nou kan dit nie meer realiseer nie. Om dit te herstel is daar egter net een uitweg en dit is die wedergeboorte. Wat by die mens onmoontlik is om te bereik is by God moontlik. Daarom stuur hy sy eniggebore Seun sodat ons langs die weg van sy volmaakte gehoorsaamheid deur die wedergeboorte gered kan word.

# Preekvoorligting Sondag 2 Februarie 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 75:1,4; Ps. 75:6; Ps. 71:1,9; Ps. 25:1,5; Ps. 89:1,17

**Lees:** Psalm 32

**Teks:** Psalm 32:1,2

**Tema:** **Ons sonde word in Christus vergewe daarom kan ons God met blydskap dien.**

### *Die noodsaak van vergifnis*

Psalm 32 is een van sewe belydenis liedere in die Psalm bundel waarin daar veral op die belydenis en vergifnis van ons sonde gefokus word. Dawid het hierdie Psalm gedig nadat hy in sonde met Batseba geval het. Dit wat sonde is word baie duidelik aan ons openbaar. Dit is wanneer mens teen die grense wat die Here gestel het rebelleer en teen Hom in opstand kom. Die gevolge daarvan is dat ons die Here vertoorn en die Gees bedroef. Wanneer ons besef hoe ernstig ons sonde is besef ons ook hoe noodsaaklik dit is dat ons vergewing sal ontvang

### *Die werking van vergifnis*

Die groot genade bestaan daarin dat die Here aan ons vergifnis skenk op grond van Christus se soenverdienste aan die kruis. Hierdie vergewing wat ons ontvang geskied volgens 'n bepaalde werking. die sonde word vergewe, dit word bedek en dit word nie toegereken nie. Christus het ons sonde aan die kruis gedra en dit met sy bloed bedek. Nou word ons verkeerde dade ons nie meer toegereken nie. Die Here hou nie dit wat ons verkeerd gedoen het so teen ons nie, dat dit later weer opgehaal word nie. Christus het ons sonde ten volle uitgewis.

### *Die gevolge van vergifnis*

Die gevolge van die sonde is geweldig in ons lewe. Tog bly ons nie vasgevang in daardie gevolge nie. Die gevolge van vergifnis is wonderbaarlik en dring ons tot dankbaarheid. Op grond van die vergifnis wat ons ontvang het kan ons nou in 'n nuwe gehoorsaamheid voor die Here leef en Hom met 'n dankbare gehoorsaamheid dien. Die Heilige Gees werk in ons en rig ons om ons wil te buig sodat eenswillend met die wil van ons Vader sal wees. Daarom leef ons nou om die wil van die Here te doen.